



LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800

TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978

E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za / personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

23 Januarie 2019

Omsendbrief 2/2019

Geagte Owers

Spanwerk laat almal wen

Hierdie omsendbrief bevat baie belangrike inligting wat op die jaar van toepassing is en ek wil u vra om dit asseblief sorgvuldig deur te lees.

A. PERSONEEL

Mev. Theron (gr. 3-onderwyseres) het bedank weens persoonlike redes. Mej. Marx, wat baie goed voldoen aan die vereistes van die pos, sal vanaf 22 Januarie vir twee weke aflos by die gr.3-klas, totdat ons al ons opsies en aansoeke vir die pos deeglikoorweeg het en onderhoude gevoer het. Ons sê dus hartlik welkom aan Mej. Marx en dankie dat u vir die volgende twee weke die gr.3-klas gaan behartig.

Ons het dit goed geag om aan die gr. 1 – 3 leerders, wat ekstra hulp nodig het met Afrikaans, veral lees, en Wiskunde, ekstra inskerping- en intervensiesessies aan te bied. Mev. Fritz het ingestem om saam met die onderwysers te werk om hierdie intervensies met die leerders te doen. Dit is van kardinale belang dat ons kinders reeds op 'n vroeë ouderdom goed kan lees en vaardig is in Wiskunde. Ons wil u dringend versoek om u kind elke dag te laat lees. Dit is ontsaglik belangrik, nie net vir die res van u kind(ers) se skoolloopbaan nie, maar ook in die toekoms in sy/haar alledaagse werk en lewe. Baie dankie en welkom, Mev. Fritz. Ons sien uit om saam met u te werk.

B. VEILIGHEID

Die veiligheid van ons kinders is van kardinale belang. Om hierdie rede sal die skoolgebou asook die terrein bedags gesluit wees en kan u deur middel van die hekweg toegang tot die skoolterrein verkry.

Dit is van groot belang dat u kind(ers) na skoolure of in die Nasorg (tel. 021 762 0977) is of dadelik opgelaai word of van openbare vervoer gebruik maak. As u kind sogtens afgelaai word by die skool, mag hy/sy onder geen omstandighede die skoolterrein verlaat nie, selfs nie om Engen toe te gaan nie.

Slegs Nasorgkinders word na skoolure aan die binnekant van die elektroniese hek toegelaat en is dan onder sorg van die Nasorgpersoneel. Ander kinders mag dus nie na ure op die terrein wees nie, want hulle is dan onder geen toesig nie en ook nie die skool se verantwoordelikheid nie. **Maak asb. seker dat u kind na skool of by die Nasorg inskakel of onmiddellik opgetel word.** Dankie vir u samewerking in dié verband.

Maak asseblief seker dat u kind presies weet wat sy/haar huis toe gaan reëlings na afloop van skoolaangeleenthede is. Moenie toelaat dat u kind in die straat loop en speel nie. Deur op hierdie versoek te reageer, kan u uself moontlik baie selfverwyt en verdriet spaar.

C. AFWESIGHED

Onderrigtye is vir ons as personeel en leerders baie belangrik. U word gevolelik vriendelik versoek om u kind(ers) se mediese afsprake buite skoolure te reël. Indien afsprake onvermydelik gedurende skooltyd plaasvind, moet u my skriftelik of telefonies daarvan in kennis stel.

Indien 'n leerder afwesig was, is 'n brief van u as ouers met die rede vir die afwesigheid verpligtend. Na drie dae of meer, moet 'n doktersertifikaat aan ons gestuur word.

D. SKOOLDRAG – KLEREWINKEL

U moet asseblief seker maak dat u kind(ers) die korrekte, volledige skooldrag dra, soos in die gedragskode, en dat alle kledingstukke duidelik gemerk is met u kind(ers) se naam en van. Die kinders moet daagliks netjies gekleed wees.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT SLEGS DIE AMPTELIKE SKOOLTRUI & WINDJAKKIES MET DIE GEBORDUURDE WAPEN TOELAATBAAR IS. Hierdie items is slegs by die skool beskikbaar. U kan dus nie truie of windjakkies by die winkels koop nie.

Slegs SWART haarbykomstighede, sonder versierings, is toelaatbaar.

Die volgende items is ook by die skool beskikbaar vanaf **07:30 tot 08:00** en **14:15 tot 14:45 (Maandae tot Donderdae)** asook **Vrydae vanaf 13:00 tot 13:30**.

Hempwapens @ R10

Sportsakke met skoolwapen @ R207

Skooltasse @ R280

T-hemde met skoolwapen vir sport @ R120 tot R173

Swart windjakkies met skoolwapen @ R207 tot R269

Swart skooltrui met skoolwapen @ R195 tot R240

Swart moulose skooltrui met skoolwapen @ R161 tot R194

Sweetpakke @ R299 tot R363

Swempette @ R50

Sportbroekies vir dogters @ R69 tot R88

Dasse @ R45 tot R59



E. VERPLIGTE ONDERRIG- EN MUSIEKGELD

Die verpligte onderriggeld vir 2019 is as volg:

1. R1 800,00 per leerder per maand vir 12 maande = R21 600,00 per jaar OF (R2 160,00 per leerder per maand vir 10 maande)
2. Musiek geld is as volg:
 - a) Klavier - R380,00 per leerder per maand vir 12 maande
 - b) Blokfluit - R360,00 per leerder per maand vir 12 maande

Let asseblief op die volgende:

1. Aangesien onderriggeld vooruitbetaalbaar is, was die eerste paaiement reeds op 1 Januarie 2019 betaalbaar. Vir diegene wat op die 15de salaris ontvang, is die onderriggeld direk daarna betaalbaar.
2. Indien u kwartaalliks of jaarliks wil betaal, sal ons dit verwelkom. Dié geld is egter ook vooruitbetaalbaar. U sal EEN maand se skoolfonds, nl. R1 800,00, afslag kry indien die jaarlikse onderriggeld teen einde Februarie 2019 ten volle vereffen is.



3. Ons het 'n **debietorder fasiliteit** by die skool ingestel om betaling van skoolfonds vir u te vergemaklik. Ons moedig almal aan om van hierdie fasiliteit gebruik te maak. Indien enige van u belangstel, kan u die nodige vorms by die kantoor kom afhaal of u kan ons finansiële sekretaresse, mev. M. van Antwerpen, by die kantoor skakel.
4. Ons wil die risiko van kontantbetalings by die skool uitskakel en daarom wil ons u samewerking vra ten opsigte van die ondergenoemde betalingsmetodes.

U gaan teen die einde van elke maand 'n rekening ontvang en wil u versoek om een van die volgende betalingsmetodes toe te pas:

- Debietorder soos genoem in die vorige paragraaf
- Elektroniese inbetalings (EFT)
- Betaal direk by die bank aan ons



5. Indien u voel dat u dalk sou kwalifieer vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoalgeld, moet u die aansoekvorms by die sekretaries kom afhaal. Hierdie vrystelling of gedeeltelike vrystelling sal slegs op grond van volledig voltooide aansoekvorms en u nuutste salarisstrokie oorweeg word. **Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 8 Februarie 2019.** Rig gerus enige navrae in dié verband aan my of aan die sekretaries.
6. **Beleidsformulering t.o.v. musiekfooie**
Die Beheerliggaam het besluit dat leerders ongelukkig nie musiek sal kan neem indien hulle skool- en/of musiekgeld nie tot op datum betaal is nie. U moet ook onthou dat musiekfooie streng vooruitbetaalbaar is. Sodra die leerders se fooie met 1 maand agterstallig is, sal lesse dadelik gestaak word tot die verskuldigde bedrag vereffen is.
7. **Betalingsbeleid**
 - Stuur rekening uit teen die laaste werksdag van die maand. Ouers het 30 dae om te betaal.
 - Stuur tweede rekening uit saam met 'n aanmaningsbrief. Uitstaande skuld moet binne sewe dae betaal word.
 - Nadat sewe dae verstryk het en daar nog geen positiewe reaksie was nie, laat dit die Beheerliggaam die opsie om ouers vir slechte skuld te oorhandig.
8. **Prosedure wat gevolg gaan word deur die Beheerliggaam (finansiële komitee) om agterstallige skuld in te same**
 - Na die aanmaningsbrief om uitstaande skuld binne sewe dae te betaal, en geen betaling ontvang is nie, bel die finansiële sekretaresse die ouers om hulle in te lig dat daar 'n ooreenkomsbrief saam met die leerling huis toe gestuur gaan word.
 - In hierdie brief gaan die ouer 'n ooreenkoms aan met die skool dat hy/sy die agterstallige skuld gaan betaal.
 - Hierdie brief moet die volgende skooldag, nadat die oproep gemaak is, saam die kind teruggestuur word skool toe.
 - Indien so 'n brief verlore raak, rus die onus op die ouer om die skool te kontak i.v.m. die brief.
 - Indien daar geen reaksie op die brief is nie, sal die Beheerliggaam die ouers bel i.v.m. die agterstallige skuld.
 - Indien geen ooreenkoms bereik/gemaak word nie, sal oorhandiging gedoen word.

ONDERHANDELINGS RAKENDE SKOOLFONDS SAL SLEGS DEUR DIE FINANSIEËLE KOMITEE HANTEER WORD



F. TENDERS

Ons skool het 'n hele paar tweedehandse houtwerkgereedskap en -werktafels in 'n klas by die skool. Omdat houtwerk nie meer een van die leerareas/vakke is wat deur die onderwyskurrrikulum gedek word nie, en ons die plek nodig het om meubels te stoor wat herstel moet word, gaan bg. items op tenderbasis verkoop word. 'n Tender moet vir die hele bondel ingesit word en nie op enkele items nie. Enigiemand wat graag wil tender kan volgende week tussen 08:00 en 13:00 kom kyk wat beskikbaar is en 'n tender by die skool kom inhandig. **Die tenderproses sluit op Vrydag, 1 Februarie 2019 om 13:00.** Tenders sal vertroulik hanteer word.

G. OUERAANDE

Baie dankie aan elkeen van u wat ons oueraande bygewoon het. Baie dankie dat ons weet dat ons alreeds vanaf die begin op u ondersteuning en samewerking kan staatmaak tot voordeel van ons kinders.

H. KWARTAALPROGRAM

Aangeheg is die kwartaalprogram met belangrike datums en gebeure.

Sterkte met al u verpligtinge vir vanjaar en mag u 'n wonderlike 2019 ervaar!

L.L. HEFER
wnd. SKOOLHOOF

